

## Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!**

### Parashah 54: Vzot HaBarachah – Hier Volg Die Seëninge.

*Hierdie is die seën waarmee Mosheh, die man van God, die seuns van Yisra'el geseën het voor sy dood. Deut. 33:1.<sup>1</sup>*

**Torah:** Deut. 33:1 tot 34:12.

**Haftorah:** Y'hoshua 1:1 tot 18.

**Nuwe Verbond:** Matth. 17:1 tot 9; Mark. 9:2 tot 10; Luk. 9:28 tot 36; Judas 3, 4, en 8 tot 10.

Vorige notas vir Parashah 54 kan afgelaai word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*Beware of false knowledge; it is more dangerous than ignorance – George Bernard Shaw*

*Mystery Babylon begins when people want to pretend they are obeying Yahweh's Spirit, but aren't willing. So they make up a façade – Norman Willis.*

*The greatest test of whether the holiness we profess to seek or to attain is truth and life will be whether it produces an increasing humility in us. In man, humility is the one thing needed to allow God's holiness to dwell in him and shine through him. The chief mark of counterfeit holiness is lack of humility. The holiest will be the humblest – Andrew Murray.*

### Torah Bespreking

#### Hersiening

Die laaste woorde van Mosheh aan Yisra'el was in die vorm van 'n profetiese lied wat hulle, en hulle nageslagte, moet leer (Deut. 31:19-22) met die doel om die lesse van hul voorgeslagte, veral die nutteloosheid van rebellie teen יהוה, by hulle in te skerp. Dit moet

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

Yisra'el voortdurend herinner aan die noodsaaklikheid van vertrouwe in, en getrouheid aan, יהוה hulle God wat hulle uit Egipte bevry het om hulle in die Beloofde Land te vestig.

Mosheh sluit hierdie profetiese lied af met die woorde wat ook aan elkeen van ons gerig is, naamlik:

<sup>46</sup>“Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul seuns moet beveel om versigtig na te kom, al die woorde van hierdie wet,  
<sup>47</sup>want dit is nie 'n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit. Deut. 32:46-47.

Ons word ook deur die Afgesonderde Gees herinner om ag te gee op die woorde van יהוה se Torah soos dit in die nuwe verbond in Yeshua vervolmaak is, asook om dit vir ons nageslag te leer om dit nougeset na te kom. Hierdie is nie leë (ydele) Woorde van יהוה nie, want elkeen wat dit nougeset gehoorsaam sal deur die onverdiende guns in Yeshua 'n lang en geseënde lewe hê!

Aan die einde van die Torahsiklus lees ons hoe Mosheh die twaalf stamme van Yisra'el seën voordat hy sterf en deur יהוה self begrawe word.

<sup>5</sup>Mosheh, die dienskneg van יהוה, het daar gesterf, in die land van Mo'av, volgens die woord van יהוה.  
<sup>6</sup>Hy het hom in die vallei, in die land van Mo'av, oorkant Beit-P'or, begrawe, maar niemand ken die plek waar hy begrawe is, tot vandag toe nie. Deut. 34:5-6.

Terwyl ons nog hierdie gebeure vars in ons geheue het, blaai ons terug na Genesis 1 en lees ons van die “nuwe” skepping – 'n “nuwe” hemel en aarde en die mens geskape na die beeld en gelykenis van יהוה. Ons leer weer, asook meer, van ons voorvaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov en van Yisra'el, die afgesonderde volk van יהוה, se wildernistog op pad na die Beloofde Land, Kena'an.

יהוה wat saam met Mosheh aan die einde van sy aardse lewe was, is ook teenwoordig aan die begin. Hierdie patroon is vir ewig gevestig. Die einde is ook die begin, want saam met יהוה is die einde altyd 'n nuwe begin in Yeshua. Hy is die Alef (Alfa) en die Tav (Omega) – die Tav is nie die einde nie, maar die nuwe begin (Alef). Hy is die Lewende Torah, die Woord wat van ewig af daar was en sal wees! Hy is die eerste en die laaste (Open. 1:17).

### **Nuwe begin; nuwe geleentheid!**

Elke Torah leessiklus is 'n nuwe geleentheid om die basis van יהוה se onderrig en instruksies beter te verstaan, en onself beter toe te rus, sodat ons die insig het hoe om met vertrouwe en in gehoorsaamheid te lewe volgens יהוה se Torah soos dit volgens die nuwe verbond in Yeshua vervolmaak is. Elke leessiklus, soos elke dag, is 'n nuwe geleentheid om vernuwing van ons gemoed te ondergaan sodat ons kan leer wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van יהוה is (Rom. 12:2). Dit kan met 'n spiraal vergelyk word wat opwaarts draai!

*When it comes to the learning of Torah, we are all perpetual 'beginners'. We are all infants. The most mature of us is at best the equivalent of a toddler. If we live 100 years – or 1,000 – we will remain just beginners. Zelda Oosthuizen.*

Laat ons elke dag ons geestelik versadig met יהוה se Torah en dit so soet en heilsaam soos heuning ervaar.

<sup>1</sup> Toe het Hy vir my gesê: “Seun van ’n mens, eet wat jy vind; eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Yisra’el.”

<sup>2</sup> Ek het my mond oopgemaak en Hy het my dié rol gevoer.

<sup>3</sup> Hy het vir my gesê: “Seun van ’n mens, voed jou maag en vul jou liggaam met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee.” Toe het ek dit geëet en dit was soet soos heuning in my mond. Eseg. 3:1-3.

En mag ons elkeen met blymoedigheid en vrymoedigheid ons Vader se liefdevolle onderrig en instruksies leef en verkondig as geregverdigdes in Yeshua ons Meester!! Dan sal Vader ons paaie voorspoedig maak en sal ons sukses hê. En mag ons onveranderlik sterk en dapper wees!

<sup>8</sup> Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê.

<sup>9</sup> Het Ek jou nie beveel nie? Wees onveranderlik sterk en dapper, moenie bewe of mismooedig wees nie, want יהוה, jou God, is met jou, waar jy ook al heengaan.” Jos. 1:8-9.

En met die aanvang van die nuwe siklus van Torahskriflesings is die volgende wyse woorde vir ons elkeen bedoel:

*You are not ‘just here’. You are here for a purpose. Stop being like everyone around you. Stop thinking like the society around you thinks. Stop being who others think you should be. Accept no role model but the Holy One. Embrace no way of life but the one laid out for you in Torah. Be who you were created to be.*

### **Vertroue en Getrouheid**

Mosheh se lewe is die bewys van die vrug van vertroue in יהוה en getrouheid aan יהוה se Torah. Hy was op 120 jaar nog “jonk” genoeg, en hy het nog die fisiese krag en gesondheid gehad, om Yisra’el tot by die Beloofde Land te bring!

Alhoewel Moshe een honderd en twintig jaar oud was toe hy dood is, was sy oog nie dof nie en sy fisiese krag en gesondheid het nie afgeneem nie. Deut. 34:6.

Maar Mosheh het berus by die wete dat hy nie dié een is om Yisra’el te lei om die Beloofde Land in besit te neem nie. Hy het berus by die wete dat יהוה vir Y’hoshua gekies het om יהוה se plan te voltooi. Mosheh se lewe het getuig van: “Nie my wil nie, maar U wil!”

Maar miskien is die belangrikste getuigenis van Mosheh se lewe dat יהוה hom van aangesig tot aangesig geken het (Deut. 34:10)! Tot en met Yeshua se koms was daar nie nog ’n profeet en leier (koning) van Yisra’el soos Mosheh nie! Mosheh was waarlik die sinnebeeld van Yeshua!

Aangaande Mosheh se lewe som die skrywer van Hebreërs dit soos volg op:

<sup>24</sup>Deur vertroue het Mosheh, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word.

<sup>25</sup>Hy het vir homself verkies om in droefheid saam met die mense van God te wees, eerder as om vir ’n kort tydjie sonde te geniet

<sup>26</sup>en die belediging van Die Gesalfde Een groter rykdom geag as die skatte van Mitzrayim, want hy het gefokus op die uitbetaling van die beloning.

<sup>27</sup>Deur vertrouwe het hy weggegaan uit Mitzrayim, sonder om bang te wees vir die woede van die koning, want hy het uitgehou soos een wat God, die Onsienlike, sien.

<sup>28</sup>Deur vertrouwe het hy die Pesag gehou en die bloed gesprinkel sodat hy wat die eersgeborenes vernietig het hulle nie kon aanraak nie.

<sup>29</sup>Deur vertrouwe het hulle deur die Sufsee gegaan soos oor droë grond terwyl die Mitzrayimiete, toe hulle dit gewaag het, ingesluk is. Heb. 11:24-29.

Mosheh het 'n sleutelrol gespeel in יהוה se plan van die vervulling van die belofte aan Avraham van die Beloofde Land wat sy nageslag in besit sou neem. Hy was die een wat Yisra'el van die slawejuk van Egipte bevry het, en hulle gebring het tot by die Yardenrivier waar Y'hoshua die leierskap oorgeneem het om Yisra'el tot in die Beloofde Land te neem.

So ook is Yeshua gekies om יהוה se plan van herstel te voltooi. Yeshua het deur sy folterdood en opstanding ons uit die slawerny van sonde bevry. Hy is die Manna wat ons in die wildernis van hierdie lewe voed en Hy is ons Koning, Hoofpriester en Profeet wat ons lei om die Hemelse Koninkryk in besit te neem en om volgens die Torah van die nuwe verbond Sy Koninkryk te verkondig en te vestig tot en met Sy wederkoms!

Die dood van Mosheh was nie net die einde van Yisra'el se swerftog in die wildernis nie, maar ook die begin van die lewe volgens Torah in die Beloofde Land! Daarom is beide Mosheh en Y'hoshua ook 'n sinnebeeld van Yeshua, dié Gesalfde Een. Mosheh kan vergelyk word met die eerste koms van Yeshua en Y'hoshua met die wederkoms van Yeshua.

יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, is die 'grondwet' van die ware Yisra'el, naamlik van elkeen wat bely dat Yeshua dié Gesalfde Een is, naamlik die onverdiende guns tot versoening met יהוה! Hierdie grondwet van die priesterorde van Malki-Tzedek is in ons verstand gegee en op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:1 tot 13).

Hierdie is die evangelie (die goeie boodskap) wat aan Avraham, asook aan sy nageslag wat in die wildernis was, verkondig was:

God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertrouwe onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: "In jou sal al die nasies geseën word. Gal. 3:8

want aan ons is die goeie boodskap ook verkondig presies net soos aan hulle, maar die boodskap het die hoorders nie gebaat nie omdat dit by die hoorders nie gekombineer is met vertrouwe nie. Heb. 4:2.

Sha'ul bevestig dit in 1Kor. 10:1-4:

- 1 My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het,
- 2 almal deur Mosheh ingedoopt is in die wolk en in die see,
- 3 almal dieselfde geestelike kos geëet het
- 4 en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat is en die Rots is Die Gesalfde Een..

Hulle almal het van dieselfde geestelike kos geëet as wat ons vandag mee gevoed word, en hulle het almal uit dieselfde geestelike Rots gedrink as wat ons vandag van drink, naamlik Yeshua dié Gesalfde Een.

Daarom moet ons versigtig wees om nie dieselfde foute as Yisra'el van ouds te maak nie (1Kor. 10:6-12), maar ons moet luister na al die woorde van Yeshua, ons Koning, ons Hoofpriester en ons Profeet:

21 Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”

24 Hy wat My nie lief het nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. Joh. 14:21 en 24.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ons elkeen is 'n stukkie van יהוה se legkaart en elke stukkie dra by tot 'n voltooide geheel van יהוה se plan van herstel. Is jy en ek beskikbaar (bereid) om deur die Legkaartbouer gebruik te word. Onthou: Ons is dikwels slegs die katalisator wat die reaksie aan die gang sit. Ons is daardie stukkie legkaart wat dit moontlik maak dat ander die groter prentjie kan sien of verstaan waar hulle stukkie van die legkaart moet inpas. Is jy tevrede met jou rol in יהוה se plan van herstel? Berus jy daarin dat dit wat jy begin het moontlik deur iemand anders voltooi word?
2. Mosheh se nalatenskap is 'n geestelike nalatenskap vir alle geslagte. Wat is jou en my nalatenskap aan ons kinders en kleinkinders? Wat is die belangrikste? Ons geestelike nalatenskap of ons materiële nalatenskap?

### **Torah, Die Besitting Van Jakob**

Torah is deur יהוה aan Mosheh gegee as 'n besitting vir Ya'akov.

Mosheh het aan ons die wet oorgedra, 'n besitting vir die vergadering van Ya'akov.  
Deut. 33:4

Die Hebreeuse woord vir “besitting” (*morashah*) bevat die gedagte van 'n nalatenskap. Die Torah van יהוה is dus 'n nalatenskap en nie 'n erfposisie nie. 'n Erfposisie behoort aan die erfgenaam om daarmee te maak wat hy wil, maar 'n nalatenskap behoort aan die voorgeslagte en die nageslagte om dit ongeskonde vir ewig te bewaar. Torah is יהוה se nalatenskap aan Yisra'el en יהוה sal Yisra'el aanspreeklik hou vir hierdie nalatenskap.

Hierdie nalatenskap is vir die hele Yisra'el, naamlik elkeen – Jood en nie-Jood – wat bely en vertrou dat Yeshua die weg tot versoening met יהוה is. Daarom mag niemand iets byvoeg of weglaat by יהוה se Torah nie!

Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel. Deut. 4:2.

Maar in die lig hiervan, asook die feit dat die Skrifte verklaar dat יהוה gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, naamlik onveranderbaar, is die vraag: Is dit moontlik dat יהוה se Torah kan verander?

Die antwoord is dat die beginsel en die wese van die Torah nie kan verander nie en moet gehoorsaam word! Alles vir altyd!

Maar verandering in die omgewing en omstandighede, soos wat God se hersteplan ontvou en soos wat dikwels gekoppel word aan die bepaalde verbond wat ter sprake is, bring egter 'n aanpassing in die praktyk en die toepassing van יהוה se Torah.

Voor Yeshua se koms was dit gerig rondom die tempel en die fisiese toepassing van die wet, maar tog heenwysend na 'n groter geestelike waarheid. Dit beteken dat onder die ou verbond is יהוה se Torah toekomsgerig, veral die Torah van Mosheh. Na Yeshua se koms – na Sy folterdood en opstanding – het die klem egter verskuif na die geestelike verstaan, die volheid (vervulling) in Hom en die doen in hierdie geestelike begrip daarvan. Nou is ons liggaam die tempel en al die praktiese wette daarvan word in my deur vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een volvoer en voltooi.

<sup>19</sup>Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Gees van Afsondering is, wat in julle bly, wat julle van God gekry het, nie? Julle behoort nie aan julleself nie,  
<sup>20</sup>want julle is gekoop vir 'n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan God in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. 1Kor.6:19-20.

Net soos Yeshua die offers is wat deur vertrou in my gestalte kry, net so is baie ander dele van die Torah van Mosheh deur my vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een volbring (vervul, naamlik tot sy volheid gebring).

Die Skrifte van die nuwe verbond leer ons watter deel van יהוה se Torah is steeds net so geldig, en watter word geestelik toegepas en by watter is daar 'n verandering. Dit is wat Yeshua ons belowe het, naamlik dat die Gees wat Afgesonderd ons alles sal leer en ons herinner aan alles wat Yeshua vir Sy studentevolgelinge gesê het (Joh. 14:26).

'n Voorbeeld van יהוה se Torah wat steeds onder onder die nuwe verbond gehoorsaam moet word is die voedselvoorskrifte.

'n Voorbeeld van die geestelike toepassing van Torah is dat 'n os nie gemuilband mag word wanneer dit graan dors nie (Deut. 25:4). Sha'ul verduidelik in 1Kor. 9:9-10 die geestelike betekenis hiervan toe hy geskryf het:

<sup>9</sup>Want in die wet van Mosheh is geskrywe: 'n Os wat graan dors, mag jy nie muilband nie. Is dit miskien oor die osse dat God Hom bekommer?  
<sup>10</sup>Of spreek Hy inderdaad om ons ontwil? Ja, want om ons ontwil is dit geskrywe, omdat hy wat ploeg, op hoop moet ploeg; en hy wat dors, op hoop om wat hy hoop, deelagtig te word.

Die arbeider in יהוה se Koninkryk moet met vertrou en verwagting arbei en hy is sy loon werd soos Yeshua dit in Luk. 10:7 bevestig.

Een voorbeeld van 'n groep van wette volgens die Torah van Mosheh wat in die nuwe verbond verander het, is ten opsigte van die priesterorde en die gepaardgaande offerandes.

Ten opsigte van יהוה se priesterorde moet ons eerstens die volgende verstaan, naamlik dat daar 'n priesterorde bestaan het lank voor die Levitiese priesterorde ingestel was. Hierdie was die Malki-Tzedek priesterorde.

Malki-Tzedek was koning van Salem (Jerusalem) en priester van die Allerhoogste.

Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitbring. Gen. 14:18.

Hierdie Malki-Tzedek was koning van Shalem, nie-Levitiese priester van God Ha'Elyon (die Allerhoogste), wat vir Avraham ontmoet het by sy terugkoms na die slagting van die konings en hom geseën het. Heb. 7:1.

Dit was lank voor die instelling van die Levitiese priesterorde. Met verwysing na Yeshua lees ons in die brief aan die Hebreërs dat God Hom aangestel het as Hoofpriester van die orde van Malki-Tzedek:

<sup>20</sup>Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed,  
<sup>21</sup>want hulle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: “יהוה het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,”  
<sup>22</sup>waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is. Heb. 7:20-22.

Gerrie Coetzee in sy lering: “Verandering in die Praktiese Wet”, wys op 'n interessante ontdekking uit die Aramees.

Vier-en-twintig keer in die brief aan die Hebreërs en in die Tanakh word 'n ander woord vir priester gebruik. Dit word slegs by Jetro – Moshe se skoonpa en Medianitiese priester van die ware God en by Malki-Tzedek priester van die Allerhoogste gebruik en slegs vir Yeshua in die nuwe verbond. Almal nie-Levitiese priesters.

Die Levitiese priesters word *kohen* genoem, maar Yeshua word *kumrea* genoem. Volgens Ps. 110:4 is Yeshua priester net soos Malki-Tzedek!

יהוה het gesweer en sal nie lieg nie: “U is 'n nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek.”

In Aramees word Yeshua korrek as priester, wat nie vanuit die stam van Levi is nie, aangedui en dus voor die Torah van Mosheh.

Daarom lees ons in Hebr. 3:1-6 die volgende:

<sup>1</sup>My afgesonderde broers, wat deel in die hemelse roeping, dink daarom versigtig aan Yeshua, Die Gesalfde Een, wat ons openlik erken as God se Afgevaardigde en nie-Levitiese Hoofpriester.  
<sup>2</sup>Hy is vertrouenswaardig teenoor God wat Hom aangestel het, net soos Moshe in God se hele huishouding getrou was,  
<sup>3</sup>want hierdie Een se lof en eer is baie meer as die van Moshe, soveel as wat hy wat die huis gebou het, baie meer eer het as die huis,  
<sup>4</sup>want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat voortdurend alles bou, is God.  
<sup>5</sup>Moshe was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,  
<sup>6</sup>maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons die vrymoedigheid en die trots van Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou.

Nou is Yeshua ons Hoofpriester. Hy kan offer en die verlossing bring. Hy het aan elke vereiste voldoen! (Einde van aanhaling).

Net die hoofpriester mag die offer as volledig en afgehandeld verklaar het. Yeshua was Hoofpriester volgens die orde van Malki-Tzedek wat Homself, as die goedgekeurde offer, kon bring en verklaar dat dit volbring is (Joh. 19:13).

So kon die sondofferwet in Yeshua volheid bereik deur Sy eenmalige offer en is dit nie meer fisies nodig nie. Die wet van priester word deur vertrou in Yeshua saam met die voorskrifte van die offerandes steeds gedoen, maar in Yeshua.

Daarom bevestig die skrywer van die brief aan die Hebreërs dat daar ‘n verandering in die Torah van Mosheh (die wetboek) plaasgevind het:

- <sup>12</sup>Net soos daar ‘n verandering in die priesterskap gekom het, net so was daar ‘n verandering in die reëls,  
<sup>13</sup>want Hy van Wie hierdie dinge gesê word, behoort aan ‘n ander stam, waaruit niemand nog ooit by die altaar bedien het nie,  
<sup>14</sup> want dit is bekend dat ons Meester vanuit Y’hudah opgegroeï het; ‘n stam waarvan Moshe niks aangaande die priesterskap gesê het nie. Heb. 7:12-14.

Yeshua is ons Hoof *Kumrea* volgens die orde van Malki-Tzedek en daarom is ons elkeen wat vertrou in Yeshua as dié Gesalfde Een ‘n *kumrea* van die Malki-Tzedekorde wat volgens hierdie orde se Torah moet leef. Ons is nie-Levitiese priesters in יהוה se Hemelse Koninkryk! Dit word ook bevestig deur Johannes in die Openbaring van Yeshua:

en ons ‘n koninkryk van priesters gemaak het vir God, Sy Vader; aan Hom die eer, lof, aanbidding en die heerskappy vir tydlose ewigheid! Dit is waar. Open. 1:6.

Die slotsom is dat daar ‘n Malki-Tzedek priesterorde van die begin af was – voor die Torah van Mosheh. Die Levitiese priesterorde met die gepaardgaande offerandes, wat ingestel was na die aanbidding van die goue kalf, was daarom ‘n ‘tussentydse’ maatreël tot Yeshua se koms. Nou is die Malki-Tzedek priesterorde heringestel. Die Levitiese priesterorde se taak is afgehandel! Die bring van fisiese offers is in Yeshua vervolmaak!

Daarom is ons erflating deur vertrou in Yeshua die Torah van Malki-Tzedek – dit is die Torah van Yeshua van die nuwe verbond!!

## **Bepeins of Bespreek**

1. Begrip van die aanpassing in die praktyk en die toepassing van יהוה se Torah is gefundeer op die fondasie van die Torah van Mosheh en vereis dat ons goed hierin onderrig moet wees. Is dit nie juis die probleem met die Christendom en vir die gevolglike misleiding waarin hulle vasgevang is nie? Verwys Jes, 5:13 en Hos. 4:6.

## **Haftorah Bespreking Y’hoshua 1:1 tot 18**

### **‘n Nuwe Begin**

Die doel van hierdie Haftorah is om ons te herinner dat, soos Yisra’el van ouds, moet ons ook gaan en dit wat יהוה ons beloof het in besit neem. Ons kan egter slegs ons nalatenskap in besit neem deur Torah-gehoorsaamheid en deur nie dieselfde foute as Yisra’el van ouds te maak nie! Soos Paulus geskryf het:

*Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. 1 Kor. 10:11.*

Die dood van Mosheh was nie net die einde van die tydperk van die gee van Torah nie, maar ook die begin van die lewe volgens Torah in die Beloofde Land! Beide Mosheh en Y’hoshua is ‘n heenwysing (sinnebeeld) van Yeshua dié Gesalfde Een. Mosheh kan vergelyk word met



die eerste koms van Yeshua en Y'hoshua met die wederkoms van ons Meester. Soos Mosheh vir Yisra'el deur die hand van יהוה van die slawejuk van Egipte bevry het en hulle deur die geslagte lam gered was, so het Yeshua as die Lam van God gekom om ons sondeskuld uit te delg en ons van die slawejuk van sonde (Torah-ongehoorsaamheid) te bevry.

Die sterwe van Yeshua aan die folterpaal was ook die nuwe begin van elkeen wat deur vertroue onpartydig en opreg verklaar is. Soos Y'hoshua vir Yisra'el die Beloofde Land ingelei het, so volg ons Yeshua om die Koninkryk van God in besit te neem en volgens die Torah van die nuwe verbond te lewe!

Tot en met die wederkoms van Yeshua moet ons hierdie woorde van יהוה aan Y'hoshua ook ter harte neem:

Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Jos. 1:8.

Ons leef in die wildernis van hierdie wêreld en Torah-gehoorsaamheid leer ons hoe om te midde van 'n verlore-gaande en vervalde wêreld in oorwinning te oorleef. Torah is ons handleiding hoe om onder die leierskap van Yeshua in hierdie wêreld te lewe. Elke Torahsiklus is 'n nuwe geleentheid om יהוה se onderrig en instruksies beter te verstaan, en onself beter toe te rus, sodat ons in alle opsigte daaraan gehoorsaam kan wees. Tot dan moet ons besig bly om te leer hoe om as koninklike priesterdom te lewe:

9 Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymeekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig,

10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9-10.

Die belofte in Jos. 1:8 stem ooreen met die belofte in Psalm 1:1-3, naamlik die belofte van 'n welgeluksalige lewe vir elke een wat Torahgehoorsaam lewe. In die artikel *'n Welgeluksalige Lewe* word die betekenis hiervan meer volledig bespreek en kan afgelaai word by die volgende skakel: ['n Welgeluksalige Lewe](#)

### **Bepeins of Bespreek**

1. *If you will let God clean you up on the inside, you will not be long cleaning up the outside* – W.B. Dunkum. Torahgehoorsaamheid is 'n innerlike verandering wat uiterlike sigbaar word.
2. *Fear looks but Faith jumps* – Smith Wigglesworth. Torahgehoorsaamheid vereis dikwels 'n geloofsprong!
3. Wat is jou doelwit vir die volgende Torahsiklus wat op 6 Oktober begin? Is dit om die Woord van die Waarheid reg te sny (2Tim. 2:15). Maar om dit te kan doen moet ons eers Vader-God se Raadsplan van herstel verstaan. Dit is soos om eers na die prent op die boks van die legkaart te kyk, voordat ons verse as legkaartstukkie probeer inpak. In hierdie opsig is ons almal soos “verkenner” en dan kan ons ook nog foute maak totdat 'n ander “verkenner” dit uitwys en ons deur die Afgesonderde Gees oortuig word! Ons moet nooit probeer om ons stukkie van die legkaart te maak pas nie!

***Chazak! Chazak! Venitchazek!***

**Wees sterk! Wees sterk! Word versterk!**

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*